



education

**Lefapha la Thuto la Bokone Bophirima
Noord-Wes Departement van Onderwys
North West Department of Education
NORTH WEST PROVINCE**

PROVINSIALE ASSESSERING

GRAAD 10

REKENINGKUNDE V2

NOVEMBER 2019

PUNTE: 150

TYD: 2 ure

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye, 1 inligtingsblad en 'n 9 bladsy
antwoordeboek.**

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. 'n FORMULEBLAD vir finansiële aanwysers is by hierdie vraestel voorsien. Jy kan dit gebruik soos benodig.
4. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
5. Jy mag 'n nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vraestel te beantwoord.
7. ALLE bewerkings moet tot EEN desimale punt getoon word, waar van toepassing.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG 1: 10 punte; 10 minute	
Onderwerp:	Hierdie vraag integreer:
BTW en Etiek	BTW konsepte Etiek

VRAAG 2: 45 punte; 35 minute	
Onderwerp:	Hierdie vraag integreer:
Debiteureversoening	Debiteureversoening Interne beheer

VRAAG 3: 20 punte; 15 minute	
Onderwerp:	Hierdie vraag integreer:
Vaste bates	Vastebateregister Interne beheer

VRAAG 4: 30 punte; 25 minute	
Onderwerp:	Hierdie vraag integreer:
Voorraad	Voorraad en Interne beheer

VRAAG 5: 45 punte; 35 minute	
Onderwerp:	Hierdie vraag integreer:
Vervaardiging en Begroting	Konsepte en berekeninge

VRAAG 1: BTW EN ETIEK**(10 punte; 10 minute)****1.1 BTW**

Kies die woord/frase uit die gegewe lys om die stellings te voltooi. Skryf slegs die woord/frase langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.

R500 000; direkte; uitset; 0%; indirekte; 14%; SAID; nulkoers; inset; vrygestel; R1 000 000; 15%
--

- 1.1.1 BTW is 'n ... stelsel van belasting.
- 1.1.2 In Suid Afrika is die standaardkoers vir BTW huidiglik
- 1.1.3 BTW betaalbaar op verkope word genoem BTW
- 1.1.4 Bruin brood is 'n voorbeeld van 'n item wat ... is.
- 1.1.5 Items waarop BTW huidiglik nie belas word nie, staan bekend as ... items.
- 1.1.6 'n Besigheid met 'n omset van ... of meer per jaar moet registreer as 'n BTW verkoper.

(6)

1.2 Etiek

Mgluwa Handelaars het goedere met 'n markwaarde van R18 000 van Ceta Verskaffers bestel. Die verkoopsdirekteur van Ceta Suppliers, Peter Slow, het aangebied om hierdie goedere aan Mgluwa Handelaars te verkoop vir R8 000 met die voorwaarde dat hulle nie 'n faktuur uitreik nie. Lewer kommentaar op hierdie voorstel. Verskaf TWEE punte.

(4)

10

VRAAG 2: VERSOENING**(45 punte; 35 minute)**

Die inligting hieronder het betrekking op Sunshine Handelaars vir September 2019.

GEVRA:

- 2.1 Stel 'n korrekte Debiteurekontrolerekening vir September 2019 op deur van die foute en weglatings in ag te neem. Balanseer die rekening. (20)
- 2.2 Stel 'n korrekte lys van Debiteure op vir 30 September 2019. (21)
- 2.3 Bespreek TWEE strategieë wat geïmplementeer kan word om debiteure aan te moedig om hul rekeninge op tyd te vereffen. (4)

Nota: Toon alle berekeninge in hakies.

INLIGTING:**ALGEMENE GROOTBOEK VAN SUNSHINE HANDELAARS**

Dt		DEBITEUREKONTROLE						Kt	
2019 Sep	01	Saldo	a/b	21 370	2019 Sep	30	Bank en korting toegestaan	KOJ	24 380
	30	Verkope	DJ	31 920			Joernaal krediete	AJ	580
		Debiteure- afslag	DAJ	980			Bank (V/T)	KBJ	600
		Joernaal debiete	AJ	820			Saldo	o/d	29 530
				55 090					55 090
2019 Okt	01	Saldo	a/b	29 530					

Nota: Die boekhouer het sekere oorboekingsfoute gemaak na die Debiteurekontrole rekening.

Lys van debiteure op 30 September 2019

DEBITEURE	Debiet	Krediet
S. Taylor	6 500	
P. Africa	7 480	
G. Kruger	5 340	
M. Ahmed	1 890	
R. Dioka	6 760	
P. Hlapa		800
T. Makobo	1 800	
	29 770	800

Foute en weglatings

- A. Die saldo van die Debiteurekontrolerekening op 1 September 2019 is foutief. Die lys van Debiteure toon 'n kredietsaldo van R530, wat nie in berekening gebring is toe die opening saldo bereken is nie.
- B. 'n Kwitansie uitgereik aan M. Ahmed vir R980 vir kontant ontvang was korrek geboekstaaf in die hulpjoernaal, maar is na haar rekening as R890 oorgeboek.
- C. Die totaal van die Debiteure-afslagkolom in die Debiteure-afslagjoernaal was onderbereken met R160.
- D. 'n Inskrywing in verband met goedere teruggestuur deur T. Makobo met 'n waarde van R300 was korrek geboekstaaf in die debiteure-afslagjoernaal, maar oorgeboek na die verkeerde kant van T. Makobo se rekening.
- E. Die Debiteuregrootboek toon 'n kredietsaldo in die rekening van P. Hlapa, die bedrag moet oorgedra word na die Krediteuregrootboek.
- F. Op 28 September 2019 is R120 posgeld betaal uit die kleinkas namens 'n debiteur G. Kruger. Geen inskrywing is in die boeke gedoen nie.
- G. P. Africa het R3 800 betaal op haar rekening nadat sy 5% korting ontvang het. Die betaling en korting is korrek geboekstaaf in die hulpboek maar die korting is nie oorgeboek na haar rekening nie. (Rond antwoord af tot naaste rand).

VRAAG 3: VASTE BATES**(20 punte; 15 minute)**

Die inligting het betrekking op Manuel Handelaars vir die finansiële jaar wat op 28 Februarie 2019 geëindig het.

GEVRA:

- 3.1 Bereken die waardevermindering op toerusting vir die jaar geëindig 28 Februarie 2019. (5)
- 3.2 Bereken die drawaarde (boekwaarde) van toerusting op 28 Februarie 2019. (4)
- 3.3 Jy word voorsien van 'n bladsy uit die Vastebateregister vir 'n voertuig-item ('n Pick-up-Loader) in jou ANTWOORDEBOEK. Voltooi die bateregister. (5)
- 3.4 Gee EEN rede waarom 'n vastebateregister 'n nuttige beheerinstrument vir vaste bates is. (2)
- 3.5 Nadat die finansiële state opgestel is, is daar gevind dat brandstof uitgawes met 80% verhoog het vanaf die vorige jaar. Die bestuurder wat afleverings doen, neem die voertuig huistoe na werk. Noem TWEE interne kontrole maatreëls wat die eienaar in plek kan stel om die misbruik van die voertuig deur die drywer te verminder. (4)

INLIGTING:**A. Uittreksel uit voor-aansuiweringsproefbalans op 28 Februarie 2019:**

Balansstaatrekening-afdeling	Debiet	Krediet
Grond en Geboue	150 700	
Voertuie (kosprys)	150 000	
Toerusting (kosprys)	33 000	
Opgehoopte waardevermindering op voertuie (1/3/2018)		26 400
Opgehoopte waardevermindering op toerusting (1/3/2018)		12 500

B. Aansuiwerings en addisionele inligting:

Waardevermindering vir die jaar is soos volg:

- Voertuie teen 20% per jaar op die verminderde saldo metode.
- Toerusting teen 10% per jaar op kosprys.
- Die eienaar het op 1 September 2018 toerusting ter waarde van R14 000 as kapitaal bygedra en korrek op hierdie datum in die boeke ingeskryf.

VRAAG 4: VOORRAAD**(30 punte; 25 minute)**

Die inligting hieronder het betrekking op Booma Handelaars vir Maart 2019. Hulle gebruik die deurlopende voorraadstelsel om handelsvoorraad op te teken en te bestuur. Booma Handelaars handhaaf 'n winsopslag van 40%.

GEVRA:

- 4.1 Gebruik die volgende inligting en stel die Handelsvoorraad rekening op. Balanseer die rekening. (Rond bedrae af tot die naaste rand.) (24)
- 4.2 Beantwoord die volgende vrae:
- 4.2.1 Na 'n fisiese voorraadopname op 31 Maart 2019, is die werklike waarde van die handelsvoorraad voorhande R1 400 minder as die saldo wat jy bereken het van die Handelsvoorraad rekening. Stel TWEE moontlike redes voor waarom hierdie bedrae van mekaar verskil. (4)
- 4.2.2 Die besigheid koop meer op kontant as op krediet aan. Bewys hierdie stelling deur bedrae (syfers) aan te haal om jou antwoord te staaf. (2)

INLIGTING:

- A. Die totale voorraad in die stoorkamer het 'n waarde van R4 500 op 1 Maart 2019.
- B. Totale kontantverkope vir Maart beloop R1 260.
- C. Totale kredietverkope vir Maart beloop R840.
- D. Totale kontantaankope van handelsvoorraad is R5 000.
- E. Totale kredietaankope van handelsvoorraad is R1 400.
- F. Totale debietnotas uitgereik vir handelsvoorraad teruggestuur gedurende Maart beloop R1 000.
- G. Die eienaar neem handelsvoorraad ter waarde van R2 000 vir eie gebruik.

30

VRAAG 5: VERVAARDIGING EN BEGROTING**(45 punte; 35 minute)****5.1 VERVAARDIGING**

5.1.1 Kies die regte term in die hakie. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

(a) Direkte arbeid en direkte materiaal wat in 'n fabriek gebruik word is die totale (bo-/primêre) koste.

(b) Die salaris van die fabriekskoonmaker is (direkte/indirekte) arbeidskoste.

(c) Huur van 'n gebou word as 'n (vaste/veranderlike) koste beskou.

(3)

5.1.2 Dan Malgas vervaardig en verkoop vlieërs aan kinders. Die verkoopprys per vlieër is R155. Hieronder is 'n opsomming van al sy kostes vir Oktober 2019. Hy vervaardig 2 500 vlieërs gedurende Oktober.

GEVRA:

Bereken die volgende:

(i) Direkte materiaalkoste per vlieër.

(4)

(ii) Totale fabrieksbokoste vir Oktober 2019.

(5)

(iii) Totale produksiekoste vir Oktober 2019 indien 2 500 vlieërs vervaardig word.

(7)

iv) Eenheidskoste per vlieër.

(3)

(v) Wat is die persentasie wins wat Dan ontvang per vlieër gedurende Oktober 2019 as die vlieërs teen R155 elk verkoop word?

(4)

(vi) Verduidelik die verskil tussen vaste- en veranderlikekoste.

(4)

INLIGTING

<u>Koste per vlieër</u>	
Materiaal per vlieër	R25
Hout per vlieër	R5
Tou per vlieër	R5
Lone om een vlieër te voltooi	R50
<u>Koste vir die maand</u>	
Salaris van fabriekvoorman	R5 000
Huur van fabriek	R8 000
Water en elektrisiteit van die fabriek	R2 500
Indirekte materiaalkoste	R500

5.2 BEGROTINGS

Verwys na die inligting met betrekking tot Mbolweni Handelaars se begroting en beantwoord die vrae wat volg.

**Kontantbegroting van Mbolweni Handelaars vir Januarie tot
March 2020**

KONTANT ONTVANGSTE	JANUARIE	FEBRUARIE	MAART
Kontantverkope	42 000	56 000	63 000
Kontant van debiteure	25 200	21 600	45 800
Kapitalebydrae			20 000
TOTALE ONTVANGSTES	67 200	77 600	128 800
KONTANT BETALINGS			
Kontantaankope van voorraad	3 000	4 000	4 500
Betalings aan krediteure	34 155	32 040	37 733
Onttrekkings	4 500	4 500	4 500
Paaie ment op lening			10 000
Rente op lening	1 600	1 600	1 600
Advertensie	600	800	900
Salarisse en lone	2 000	2 000	2 160
TOTALE BETALINGS	45 855	44 940	61 393
Kontant oorskot/(tekort)	21 345	32 660	?
Bank beginsaldo	8 400	29 745	62 405
Bank eindsaldo	29 745	62 405	?

GEVRA:

- 5.2.1 Wat is die doel met die opstel van 'n kontantbegroting? (2)
- 5.2.2 Noem TWEE items wat nie in 'n kontantbegroting sal verskyn nie. (2)
- 5.2.3 Indien kontantverkope 60% van die totale verkope is, bereken die totale verkope vir Januarie. (5)
- 5.2.4 Bereken die kontant oorskot/(tekort) vir Maart. (3)
- 5.2.5 Bereken die banksaldo aan die einde van Maart. (3)

45

TOTAAL: 150

FORMULEBLAD GRAAD 10

$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	
Bedryfbates : Bedryfslaste	(Bedryf bates – Voorraad) : Bedryfslaste	
$\frac{\text{Netto wins}}{\text{Eienaarsbelang}} \times \frac{100}{1}$	Totale Bates : Totale Laste	